
SAKE 24 (Rapport)
19 Aug 2012, p.4

BATES

# Testamentêre trust sal keer dat eerste vrou erf



**RAAD MET JOU RANDE**

NICO VAN GIJSEN

'n Leser wil weet hoe hy sy bates aan sy kinders kan bemaak, maar eers ná hul ma, van wie hy geskei is, se dood.

Die omstandighede is kortliks soos volg: Die leser (60) en sy huidige vrou (52) is buite gemeenskap van goedere getroud. Albei het volwasse kinders en twee van syne bly nog by hul ma.

Sy netto boedel is sowat R3 miljoen werd. Dit sluit eiendomme in wat huurgeld van R15 500 genereer. Daar is ook 'n lewenspolis en hy wil vir sy huidige vrou sorg tot met haar dood. Dan moet die bates na sy kinders toe gaan, maar eers nadat hul eie ma oorlede is, want hy wil nie dat sy haar hande op hul erfporsie kry nie.

My voorstel sou wees dat jy eers seker maak jou huidige vrou is versorg voordat jy jou bekommer oor jou kinders. Sy kan nog vir baie jare leef, 27 jaar volgens die statistieke, maar dit kan langer wees.

Jy kan al jou bates aan haar bemaak, maar dan sit jy met die situasie dat sy weer alles aan háár kinders kan bemaak en jou kinders niks van jou erf nie.

Om dit te voorkom, het jy 'n paar opsies. Bemaak jou bates aan jou kinders soos jy wil, maar met 'n fideicommissum aan jou vrou. Sy sal dan die bates besit tot met haar dood. Dit is beperkte besitreg en sy sal die bates nie kan vervreem nie. Met haar dood sal die bates oorgaan na die kinders.

Vruggebruik is 'n ander opsie. Die besitreg word met die dood reeds aan die kinders oorgedra, maar jou vrou sal al die "vrugte" van die bate mag aanwend tot haar eie voordeel vir solank as wat sy leef. Dit sluit in al die huurinkomste en opbrengs op die belegging van die lewenspolis se geld. Met haar dood kry die kinders dan volle besitreg.

Maar dit sal nie heeltemal jou probleem oplos nie, want ons weet nie of jou huidige vrou langer gaan leef as jou eerste vrou nie. Synde al jou kinders volwassenes is, sien ek nie 'n probleem nie, maar ek aanvaar dat jy redes het waarom jy die bates uit die hande van jou eerste vrou wil hou en dat jy 'n seker manier wil hê om dit te doen.

Ek sou meen 'n testamentêre trust of selfs 'n trust inter vivos kan 'n goeie opsie wees. Om die trust inter vivos (in lewe) op te rig, gaan jou nou 'n paar rand kos, maar hy kan dormant lê en met die dood die bates ontvang wat jy testamentêr bemaak het. Die trustakte moet net voorsiening daarvoor maak dat jou vrou lewenslank die enigste begunstigde vir inkomste is (dit sal ook bydra dat jy alles vir boedelbelasting kan aftrek).

Ná haar dood kan die trust voortbestaan en die kinders kan dan as die begunstigdes die voordeel daaruit kry, sonder dat iemand anders daarop beslag kan lê of selfs daarmee kan handel.

Dieselfde reëls geld basies 'n testamentêre trust, wat, soos die naam aandui, deur die testament geskep word met dood. Ek meen jy sou 'n voorwaarde kon stel dat die trust ná die dood van jou huidige vrou sal voortbestaan tot voordeel van jou kinders tot met die dood van jou eerste vrou. Daarná kan die trust ontbind word en die bates aan die kinders verdeel word.

*Nico van Gijsen CFP® is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com.*